

## **Sing vooraf staande: Psalm 23:1, 2 (p. 107)**

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsvare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

## **Loflied: Psalm 34:1, 6 (p. 166)**

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die Heer se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

**Wet**

## **Psalm 119:62, 63 (p. 598)**

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar  
na die heil wat U beloop het, / na u kennis wonderklaar!  
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!  
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, / in die wildernis verdwaal.  
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal  
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

**Gebed**

## **Psalm 102:1, 3 (p. 498)**

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,  
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.  
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;  
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!
- 3 Al my krag wil my begewe; / vlees voel 'k aan my beend're klewe  
weëns my benoude sug. / Eensaam voel ek, weggevlug  
in woestyne soos die reier – / beeld van die verlate lyer;  
soos 'n uil oor bouval heen / sit en tuur, so 's ek alleen.

**Skriflesing:** Romeine 8:9-30

**Kernverse:** Romeine 8:18, 28-30

**Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.**

**Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun,. Sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vryhgespreek het, het Hy ook verheerlik. (Romeine 8:18, 28-30 AFR 1983)**

**Tema:** Beleef vrede met God in lyding

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, omdat die Heilige Gees in ons woon en Hy ons lewens beheers, kan ons seker wees dat ons aan Christus behoort en kinders van God is. Omdat ons luister na die Heilige Gees se onderrig vanuit die Woord van God maak ons daadwerklik erns daarmee om 'n einde aan ons sondige praktyke te maak. En hoe meer ons na die Gees luister en doen wat Hy ons in die Bybel beveel, hoe meer lewe ons as kinders van God en hoe meer raak die vrede wat God deur Christus tussen Hom en ons bewerk het vir ons 'n werklikheid.

Maar nou kom ons ook nog agter dat, alhoewel ons kinders van God is en deur die Gees beheers word, ons nog steeds swaarkry in hierdie lewe. Al God se kinders beleef in een of ander stadium swaarkry in hulle lewe. Vir party lyk dit asof die swaarkry net nooit einde kry nie. Ook ons wat regtig na die Heilige Gees luister as Hy ons met die Bybel leer en lei, kry swaar. Dit veroorsaak dat 'n mens wil vra: Maar hoekom? Hoekom moet ons nou nog ly terwyl ons reeds kinders van God is? God is tog goed. Hoekom doen Hy nie iets aan ons swaarkry nie? En nou is die tema van hierdie preek ook nog: Beleef vrede met God in lyding. Hoe kan vrede en lyding in een asem genoem word? Lyding en swaarkry onderdruk en versmoor dan die vrede.

Broers, susters en kinders, dit lyk vir ons wat swaarkry asof die swaarkry dwars ingaan teen al ons verwagtings en die beloftes van die Here. En as Paulus skryf **dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat vir ons in die toekoms sal aanbreek** (Romeine 8:18 AFR 1983), wil 'n mens in jou swaarkry sê: Ag, Paulus, jy weet nie waarvan jy praat nie. Maar dit is nie maar net Paulus wat hier vir ons geskryf het nie. Met hierdie heilige woorde lei die Heilige Gees ons om vanuit die heerlikheid wat God vir ons bestem het, terug te kyk op die lyding om die regte perspektief op ons lyding te kry. Trouens, die Gees het ons reeds in vers 17 daarop voorberei dat ons lyding sal ondervind. Lyding is immers een deel van ons erfporse van God. Aangesien ons kinders van God is en Hy ons Vader is, is ons ook erfgename van God en erfgename saam met Christus. Ons erfporse bestaan uit twee dele: Ons erf nou reeds die een deel, naamlik die lyding, en ons sal ook die heerlikheid saam met Christus erf. Die twee dele van die erfporse is 'n feit wat die Heilige Gees stel.

Daarom kan Paulus met volle oortuiging skryf:

**dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat in die toekoms vir ons sal aanbreek nie** (Romeine 8:18 AFR 1983).

Die Heilige Gees maak nie asof die lyding wat ons nou moet verduur sommer niks is nie. Lyding en swaarkry is inderdaad groot, baie groot. Maar die troos is dat hierdie lyding nie eers 'n stoffie op die skaal sal wees in vergelyking met die heerlikheid wat ons sal ontvang nie. Eintlik kan die lyding wat ons nou moet verduur nie eers vergelyk word met die heerlikheid wat sal kom nie. In 'n ander brief skryf Paulus dit so:

**Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.**

(2 Korintiërs 4:17 AFR 1983)

En wanneer ons uiteindelik die heerlijkheid geërf het, sal ons kan terugkyk na die lyding van vandag en sê: Ag, dit was sommer niks. Na hierdie troos en na hierdie perspektief op die lyding wil die Heilige Gees ons lei. Om hierdie troos en perspektief op die lyding te kry begin die Heilige Gees met ons die pad loop van waar ons tans swaarkry.

Die lyding maak dat 'n gelowige nou baie keer sug, want jy weet dat as kind van God kan en sal die omstandighede vir jou soveel aangenamer wees. Maar dan wys die Heilige Gees ons daarop dat ons nie alléén sug nie, want ons kry nie alléén swaar nie. Die hele skepping ly ook, want God het dit aan verganklikheid onderwerp. En dit is as gevolg van ons mense se sonde dat God die skepping vervloek het. Al die droogtes, aardbewings, oorstromings saam met al die sterflikheid in die skepping maak dat die skepping ly. Daarom sug die skepping en verkeer in die pyne van verwagting totdat God bekend maak wie sy kinders is. Die skepping se gesug beklemtoon nie net die vreeslike, afbrekende nagevolge van die mens se sonde nie. Die gesug verwoord ook die lewende afwagting: God sál bekend maak wie sy kinders is en dan sal die skepping self ook van die verganklikheid bevry word.

Ons gelowiges wat die Gees as die eerste gawe van God gekry het, sug ook. Die vreeslike, afbrekende nagevolge van die sonde maak dat ons swaarkry. As die mens in die eerste plek nie sonde gedoen het, sou alles immers nog volmaak gewees het. Maar ons gesug verwoord ook dieselfde lewende afwagting as wat die skepping het. Ons sien daarna uit dat God bekend sal maak dat Hy ons sy kinders gemaak het. Ons het dan reeds die Gees as eerste gawe van God ontvang. Deur die Gees weet ons ook dat ons deur Jesus Christus gered is en kinders van God is. Daarom verlang ons daarna dat God ons op grond van Christus se oorwinning van die verganklikheid en sterflikheid sal bevry.

Hierdie uitsien na die volkome bevryding is nie 'n leë wens nie, geliefdes. Dat ons finaal van alle lyding bevry sal word, is 'n vaste hoop. Bybelse hoop is 'n sekerheid wat beslis sal gebeur, omdat God so sê. Soms wil die lyding egter veroorsaak dat die gesug hierdie hoop wil onderdruk en ons daarvoor blind maak. Naderhand vra jy jouself af: Wat is tog die sin van al hierdie swaarkry? Ons begryp nie ons eie lyding nie, en daarom kan ons nie nou al die heerlijkheid wat vir ons wag begryp nie. Maar met hierdie heilige woorde van God wil die Gees die hoop in elkeen van ons vestig. Hoop is daarom die vaste wete en vertrouwe dat die lyding in God se plan met jou en my inpas, al begryp ons dit nie.

Nou neem die Gees ons nog 'n trappie hoër op. Die skepping sug en die gelowiges sug en God hoor en verhoor hierdie gesug. God die Heilige Gees woon mos in ons. Hy kan nie anders as om jou gesug te hoor nie. Selfs daardie sugte wat jy nie eers in woorde kan sê nie, omdat jy te swak is, hoor en verstaan die Gees. Maar Hy hoor dit nie net nie, Hy doen iets daaraan. Ons hoekoms en waaroms word vir ons soms so erg dat ons nie meer weet hoe en wat ons behoort te bid nie. Omdat die Gees in ons hierdie sugte verstaan, bring Hy dit na God ons Vader. Die Gees bring ons onuitspreeklike sugte in woorde na die Vader – Hy pleit vir ons.

In hierdie stadium kan ons begin moed skeep, geliefdes. Deur die Gees se werk is God ten volle vertrouwd met die lyding wat jy beleef. Daar hou dit egter nie op nie. God deurgrond ons gesug. Deurgrond is meer as net hoor. Deurgrond beteken: God kyk vanuit sy bedoeling met jou lewe, naamlik om jou volmaak by Hom te hê vir ewig, deur tot by jou werklike behoeftes. Omdat God jou en jou swaarkry deurgrond, gee Hy nie altyd wat jy begeer nie, maar wel wat jy nodig het, want Hy weet wat jy nodig het.

Omdat die Gees in ons woon, weet ons dat ons kinders van God is. Daarom kan ons die volle vertroue hê dat alles wat in ons lewe gebeur, ook die swaarkry, onder God se sorg nie anders kan nie as om tot ons beswil mee te werk. Baie maal verstaan ons die *ten goede meewerk* van alles in vers 28 dat dit by ons verwagting en begeertes moet pas. Maar dan skiet ons te laag. Wat vir ons ten goede is, is God se genadewerk in ons lewens. Sy genadewerk loop daarop uit dat ons in God se heerlijkheid sal deel; ons sal dit van Hom erf, want Hy het dit aan sy kinders toegesê.

Die Heilige Gees noem vyf stappe van God se genadewerk in ons lewe. God het ons uitverkies en bestem om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te wees. Ons is uitverkies vir hierdie bestemming – volmaakte kinders van God. Daarom het Hy ons geroep met sy Gees en Woord en aan ons die geloof gegee waardeur Hy ons vrygespreek het op grond van Christus se versoeningswerk. En die laaste stap is verheerliking. Dat hierdie laaste stap ook met jou en my beslis sal plaasvind, is so seker dat dit hier in die verlede geskryf staan asof dit klaar gebeur het. Geliefdes, ons bestemming is so seker en vas as wat God lewe. Daarom kan ons seker wees dat God se genadewerk in ons nie deur hierdie bietjie lyding verhinder sal word nie. Nie eers lyding, hoe groot dit ook al nou vir jou voel, kan God verhinder om jou by die heerlijkheid te bring wat Hy vir jou bestem het nie.

Eers wanneer ons dit beseef het, sal ons vir seker weet dat God nooit hierdie lyding in ons lewens sou toegelaat het as dit nie vir ons, sy kinders ten goede was nie. Die lyding wat Hy oor ons laat kom, gebruik Hy om ons tot die heerlijkheid te bring wat ons saam met Christus sal erf. As dit nie die geval was nie, het God teen Homself gewerk, en dit kan nooit gebeur nie. Mag die Gees hierdie uitkyk op die lyding aan ons harte verseël sodat ons saam met Paulus kan sê: Hierdie lyding is nie eers 'n stoffie op die skaal in vergelyking met die heerlijkheid wat God ons sal gee nie. Dan sal ons inderdaad vrede met God beleef ook in ons lyding.

## Amen!

### Psalm 42:1, 2 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!  
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?
- 2 Trane stort ek in my klagte, / want die spotters vra vir my:  
"Waar 's jou God?" My dae en nagte / gaan in droefenis verby.  
Nog hoor ek die feesgedruis / wat weerklink het om u Huis,  
Toe 'k 'n skaar daarheen gelei het, / my met hul in God verbly het.

### Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

#### Psalm 107:1, 18 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!  
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;  
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,  
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 18 Daar styg – dank sy die Gewer – / die seënmaat ten top;  
gesaaide en wynstok lewer / hul vrug oorvloedig op.  
Hul kroos vermeerder Hy, / hul vee 't Hy nie verminder;  
as God die seen wil spreid, / wie kan dit Hom verhinder?

#### Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

#### Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

## Slotgebed

### Slotpsalm 121:1, 4 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,  
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.  
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
  
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar  
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan  
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Nagmaal: 20 Mei 2012